**GOD OPENBAAR HOM IN DIE SKEPPING EN DIE WOORD SODAT ONS HOM KAN LOOF**

**Lees: Psalm 19** **Teks: Psalm 19: 15**

Die afgelope paar jaar het ons baie erg droogte ervaar. Daar was gereeld daarvoor gebid. Hierdie afgelope week, hier in ons omgewing het ons mooi en pragtige reën gehad. Dit maak mense sommer bly. Mense glimlag en is opgewonde. Hierdie reën is 'n seën van bo. Dit kom uit God se hand.

Maar glo ons dit werklik? Hoeveel keer het ons gebid, en dan gaan kyk ons na die weerberig of een of ander "app" op ons foon en dan raak ons moedeloos want ons sien dat daar nie reën voorspel word nie.

Psalm 19 leer ons dat God in beheer is. Dit vertel ons hoe God Homself in Sy skepping en in Sy Woord Homself aan ons openbaar. As ons maar gaan lees dan leer hierdie Psalm ons hoe die hemele die eer van God verkondig. Dit is iets wat onophoudelik plaasvind, en by dit alles lees ons dat hulle stem is onhoorbaar.

Maar dit hoef nie hoorbaar te wees nie dit is so sigbaar. Jy kan dan alles sien. Kyk net hoe mooi groei die gras en die bome na die reën. Kyk net die verskeidenheid bome, plante, diere, voëls en visse. Hoeveel mense is daar nie op aarde nie en elkeen van hulle lyk anders. Ja die Here het alles gemaak, en hierdie skepping verkondig Sy handewerk. Dit word op so 'n wonderbaarlike manier gedoen.

Maar wat van droogte, of rampe of dergelike dinge? Wat daarvan as ek moeilike tye in my lewe beleef? Kom dit dan ook uit die hand van die Here? Ons moet besef dat ons belydenisskrifte ons daarop wys dat God in beheer is, hetsy deur tye van swaarkry en ook seën. Die Here wil daardeur ons leer dat selfs in tye van swaarkry dat ons alleenlik op Hom moet vertrou. Hy is tog in beheer en sal op sy tyd en op sy manier uitkoms skenk. Terwyl ons swaarkry moet ons besef dat ons vertroue nog steeds in die Here moet wees.

Maar dit is nie net in die skepping wat ons hierdie dinge van die Here leer nie. Ons leer dit in die besonder in Sy Woord. Vers 8 leer ons dat dit selfs die siel verkwik. Dit gee ons krag. Hoekom? Want die Here werk deur Sy Gees deur die Woord om ons te verseker dat Hy ons nie alleen laat nie. Hy verseker ons dat Hy in beheer is.

Die Woord bring ons op die regte koers, dit leer ons van die liefde van God en dit wat Hy vir ons gedoen het deur Jesus Christus. Dit vertel vir ons in besonder wie die God is wat ons in die natuur leer ken. Die Woord getuig van dit wat ons in die natuur raaksien. Die Woord en die natuur vul mekaar aan.

Juis daarom is Dawid baie duidelik in hierdie Psalm.  Ons kan nie anders as om die Here te loof en te prys en te eer nie.  As ons kyk wat die Here vir ons doen, en hoe Hy in beheer is van alles wat om ons en in ons aangaan, dan besef ons dat sonder Hom ons heeltemal verlore sou wees.

Jesus Christus is die Woord en ons word gelei deur Sy Gees elke dag om sy handewerk raak te sien en te verstaan.  En selfs wanneer dit met ons swaargaan moet ons weet en besef dat die Here wil hê dat ons aanhou vertrou.  Hy wil dat ons besef dat sonder Hom ons nie die lewe tegemoet kan gaan nie.  Selfs in ons donkerste uur is dit die Here wat ons krag gee en ons bystaan.  Daarin lê die belofte dat Hy verder sal sorg dat dinge vir ons ten goede sal meewerk en ons in ons lewens altyd en vir ewig sy seën sal ervaar.

**Ds. Neville Boy**
**29 Januarie 2017**